



Privaatskool Elnatan

Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.

FINANSIËLE OOREENKOMS EN AANSOEK VIR 2027

Hierdie vorm dien as 'n heraanzoek vir bestaande leerlinge. Nuwe ouers moet asb. ook die onderneming teken.

Hiermee onderneem ek/ons _____
(volle naam van ouers, voog of betaler)

Woonadres: _____ Tel. nr. Huis: _____

Posadres: _____ Sel nr: _____

Werksadres: _____ Tel.nr. Werk: _____

Epos adres: _____

om vir 2027 fooie, volgens tariewe bepaal, gehef deur Privaatskool Elnatan te betaal.

Ek neem kennis van die inligting aangaande die heffing van fooie uiteengesit in **aanhangsel A** en onderneem om aan dié vereistes te voldoen.

(Merk asb. met X indien van toepassing)

AANSOEKFOOI (Eenmalig)	N\$1 500 per leerling	
KOSHUIS – BREEKSKADE DEPOSITO (Eenmalig, aanvullend en terugbetaalbaar)	N\$1 500 per leerling	

JAARLIKSE SKOOLFOOIE 2027

Graad	Nuwe inskrywings	1ste kind	2de kind	3de kind	4de en meer kinders
Graad 1 - 11	N\$ 44 541	N\$ 59 388	N\$ 56 419	N\$ 53 449	-
Graad 12	N\$ 44 476	N\$ 59 301	N\$ 56 336	N\$ 53 371	-

JAARLIKSE KOSHUISFOOIE 2027

Graad 1-11	N\$ 36 120
Graad 12	N\$ 36 113

JAARLIKSE EKSTRA HEFFINGS 2027

Leerlinge met Gasvryheidstudies as vak	N\$ 1 200
Leerlinge met Landboubestuurspraktyke as vak	N\$ 1 200
Matriekafskeidsfonds (Gr. 8 tot Gr. 10)	N\$ 1 680
Matriekafskeidsfonds (Gr. 11) oor 10 maande betaalbaar	N\$ 1 680

PALMPIKKIE-FOOIE 2027

	Tipe fooi	Nuwe inskrywings	Reeds ingeskrewe leerlinge
Voldag – 5 dae per week (7:00 – 17:00)	Jaarlikse fooi	N\$ 21 360	N\$ 28 440
Voormiddag – 5 dae per week	Jaarlikse fooi	N\$ 18 960	N\$ 25 200
Voormiddag – 2 dae per week	Jaarlikse fooi	N\$ 15 600	N\$ 20 760
Voormiddag – dag tarief	Dag fooi	N\$ 165	N\$ 215
Namiddag nasorg–dag tarief	Dagfooi	N\$ 100	N\$ 135

DAGSKOLIERE (Voltooi asb. die name van u kind/ers indien hulle dagskoliere is.)

Naam van Kind	Geb. Datum	Graad	Maandeliks oor 12 mnde (Gr. 1-11) oor 11 mnde (Gr.1-11) oor 11 mnde (Gr. 12)	Jaarliks voor 1 Februarie 2027

KOSHUISLEERLINGE (Voltooi asb. die name van u kind/ers indien hulle koshuisleerlinge is)

Naam van Kind	Geb. Datum	Graad	Maandeliks oor 12 mnde (Gr. 1 -11) oor 11 mnde (Gr. 1-11) oor 11 mnde (Gr. 12)	Jaarliks voor 1 Februarie 2027

BUS-FOOIE 2027

DORP	KONTRAK-PASSASIER	GELEENTHEIDS-PASSASIER
Stampriet – Kalkrand	N\$ 965 p/p per maand x 11 maande	N\$ 195 p/p per rit
Stampriet – Rehoboth	N\$ 1 815 p/p per maand x 11 maande	N\$ 345 p/p per rit
Stampriet – Windhoek	N\$ 2 540 p/p per maand x 11 maande	N\$ 460 p/p per rit
Mariental – Rehoboth	-	N\$ 265 p/p per rit
Mariental – Windhoek	-	N\$ 380 p/p per rit
Stampriet – Mariental	N\$ 1 785 p/p per maand x 11 maande (Sluit 4 middagetes by koshuis in)	N\$ 160 p/p per rit

BUSVERVOER (Voltooi asb. die name van u kind/ers wat op kontrak-basis van die busvoervoer gebruik gaan maak.)

Naam van Kind	Geb. Datum	Graad	Mariental	Windhoek	Rehoboth	Kalkrand	Maandeliks oor 11mnde	Jaarliks voor 1 Februarie 2027

Aanhangsel A: Die Heffing van Fooie:

1. Slegs nuut ingeskrewe leerlinge betaal 'n eenmalige aansoekfooie van N\$ 1 500 per leerling, en is betaalbaar met indiening van die aansoekvorm. Die aansoekfooie is nie terugbetaalbaar nie, behalwe indien die skool die aansoek nie goedkeur nie. Bestaande leerlinge wat heraansoek doen, betaal nie die aansoekfooie nie. Sodra die aansoek goedgekeur is, word die leerling as 'n nuwe inskrywing by Privaatskool Elnatan geplaas. Vir die eerste twaalf (12) maande na inskrywing betaal 'n nuwe inskrywing skoolfooie teen die tarief vir "Nuwe inskrywings" soos in die tabel vir jaarlikse skoolfooie uiteengesit, waarna die gewone tarief vir die 1ste, 2de of 3de kind geld.
2. Skool- en koshuisfooie van Graad RR - 11 word bereken as 'n jaarlikse koste wat, na keuse van die ouer, óf oor 'n periode van twaalf (12) maande, vanaf Januarie tot en met Desember, óf oor 'n periode van elf (11) maande, vanaf Januarie tot en met November, in gelyke paaielemente vooruitbetaalbaar is. Die ouer dui sy of haar keuse aan in die tabel vir dagskoliere of koshuisleerlinge hierbo. Skool- en koshuisfooie van Graad 12 word bereken as 'n jaarlikse koste wat oor 'n periode van elf (11) maande, vanaf Januarie tot en met November, in gelyke paaielemente vooruitbetaalbaar is. Palmpikkie-fooie word bereken as 'n jaarlikse koste wat oor 'n periode van twaalf (12) maande, vanaf Januarie tot en met Desember, in gelyke paaielemente vooruitbetaalbaar is.
3. Busfooie word bereken as 'n jaarlikse koste wat oor 'n periode van elf (11) maande, vanaf Januarie tot en met November, in gelyke paaielemente vooruitbetaalbaar is.
4. Betalings van fooie moet die skool nie later as die sewende (7de) van die maand bereik nie.
5. 'n Afslag van twee persent (2%) word toegestaan indien u voor of op 1 Februarie 2027 die jaarlikse skool- en koshuisfooie met 'n enkelbedrag vooruitbetaal. Geen afslag sal op enkelbedrag-betalings, wat ná hierdie datum ontvang word, toegestaan word nie.
6. Afslag van vyf persent (5%) word toegestaan op die skoolfooie van die 2de kind van dieselfde gesin indien die leerling nie kwalifiseer vir afslag as nuwe inskrywing nie.
7. Afslag van tien persent (10%) word toegestaan op die skoolfooie van die 3de kind van dieselfde gesin indien die leerling nie kwalifiseer vir afslag as nuwe inskrywing nie.
8. Die 4de en elke verdere kind van dieselfde gesin wat gelyktydig in die skool ingeskryf is, betaal geen skoolfooie nie. Koshuis-, bus- en ander fooie (bv. tutors) bly wel betaalbaar.
9. Twee persent (2%) rente per maand word gehef op rekeninge wat 30 dae en langer agterstallig is.
10. Alle rekeninge ouer as 90 dae word oorhandig om die uitstaande bedrag in te vorder. Die betrokke ouer/rekeninghouer is in só 'n geval ten volle verantwoordelik vir alle kostes, fooie en kommissies soos deur die skuldinvorderaars gehef word.
11. Ouers moet asseblief ook bewus wees en kennis neem van die volgende:
 - Goedgekeurde addisionele fooie (bv. busritte, tutors, sekere buitemuurse aktiwiteite ens.)

kan op die ouer se rekening gehef word, en vorm deel van die bedrae verskuldig ingevolge hierdie Finansiële Ooreenkoms. Die bepalings van hierdie ooreenkoms, insluitend dié oor rente en invordering, is ook daarop van toepassing. Hierdie fooie moet onmiddellik of saam met die betrokke maand se skoolfonds vereffen word. Hierdie vergunning kan slegs gegee word aan ouers wie se rekening elke maand 100% vereffen word en dus op datum is.

- Bustariewe kan deur die loop van die jaar aangepas word indien drastiese styging in lopende kostes dit vereis. Ouers sal minstens dertig (30) dae vooraf skriftelik van enige sodanige aanpassing in kennis gestel word.
- In die geval van wanbetaling, kan leerlinge se skoolbywoning, koshuisinwoning, busrydienste en enige buitemuurse aktiwiteite onmiddellik deur die skool opgeskort word.
- Geen amptelike rapporte en/of skolastiese verslae kan deur die skool uitgereik word indien daar enige bedrag aan die skool verskuldig is nie.
- Met kansellasië van die finansiële ooreenkoms, soos geteken, moet ouers van leerlinge **30 dae skriftelike** kennisgewing vir die skool en koshuis gee indien die ouer besluit om kind/ers uit die skool en/of koshuis te neem. Skool-, koshuis- en busfooie sal nog gehef word tydens die kennistydperk. Indien 'n ouer in **September (Graad 12) Oktober (Graad RR-11)** kennis gee, is die ouer **aanspreeklik vir Oktober en November (Graad 12) en November en Desember (Graad RR-11)** se skool-, koshuis- en busfooie. Hierdie bepalings geld ook vir ouers wat die jaarlikse fooie vooruitbetaal het. In so 'n geval verreken die skool die fooie vir die kennistydperk, of, indien kennis in September (Graad 12) of Oktober (Graad RR-11) gegee word, die fooie tot die einde van die jaar soos hierbo bepaal, en word die saldo van die vooruitbetaalde fooie, bereken op die bedrag wat werklik betaal is, binne dertig (30) dae aan die ouer terugbetaal.
- Gr. 12 leerlinge is ingeskrewe leerlinge van die skool vir 'n volle akademiese jaar en betaal dus nie minder skool-geld aangesien hulle die skool vroeër verlaat nie.
- Geen korting word toegestaan aan koshuisleerlinge wat nie tydens eindeksamens of enige ander eksamens nie in die koshuis bly nie.
- Breekskade van N\$1 500 moet vir elke leerling, inwonend in die koshuis, deur ouers betaal word. Ouers is verantwoordelik vir enige skade aangerig deur die leerling op die skool terrein. Bedrag van breekskade word jaarliks aangevul tot N\$1 500. Indien enige skade aangerig word in die onderskeie koshuise en die skuldige party nie opgespoor of geïdentifiseer kan word nie, is die hele kamer verantwoordelik vir die breekskade en sodoende sal die bedrag tussen die aantal leerlinge wat die kamer beset, gedeel word.
- Die deposito is betaalbaar wanneer die leerling permanent in die koshuis opgeneem word. Die saldo van die deposito kan skriftelik teruggeëis word binne twee (2) maande nadat die leerling die koshuis permanent verlaat het, hetsy tydens of aan die einde van sy of haar skoolloopbaan.. Indien die saldo nie binne hierdie tydperk skriftelik teruggeëis word nie, verval die eis en word die saldo deur die skool behou.

12. Die skool se bank-inligting is as volg:

Rekeningnaam:	Privaatskool Elnatan
Bank:	Bank Windhoek
Tak:	Mariental (481-471)
Rekeningnommer:	104 972 6001
Verwysing:	Ouer se rekening nommer

Belangrik: Die skool sal nooit sy bankbesonderhede per e-pos, SMS of WhatsApp verander nie. Indien u 'n boodskap ontvang wat beweer dat die skool se bankbesonderhede verander het, moet u dit eers telefonies by die finansiële kantoor (063 260 074) bevestig voordat u enige betaling maak.

13. In geval van probleme wat met die betaling van u skoolfonds mag ontstaan of enige navrae rakende die rekening, moet u asseblief onverwyld en vroegtydig per e-pos met die finansies departement by finansies@elnatan.com of bedryfshoof@elnatan.com kontak maak.
14. Alle rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur. Rekeninge kan egter slegs na een e-pos adres per rekening gestuur word.
15. Verandering van e-posadres moet skriftelik deurgegee word na finansies@elnatan.com.

Hiermee onderneem ek om myself deeglik van alle toepaslike beleide en prosedures van Privaatskool Elnatan te vergewis en op hoogte te bly van enige wysigings, hersienings of opdaterings daarvan.

Albei ouers of voogde van die leerling moet hierdie ooreenkoms onderteken, en is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir alle bedrae wat ingevolge hierdie ooreenkoms verskuldig is.

Indien slegs een ouer of voog onderteken, waarborg hy of sy dat hy of sy ook namens en met die toestemming van die ander ouer of voog onderteken, en bly die ondertekenende ouer of voog in elk geval ten volle aanspreeklik vir alle bedrae.

Indien die ander ouer of voog nie kan onderteken nie (bv. weens afsterwe, 'n hofbevel of omdat die ondertekenaar die enigste voog is), moet die rede hieronder aangedui word en die skool kan stawende dokumente versoek.

Handtekening van ouer / voog 1	Datum
Handtekening van ouer / voog 2	Datum
Volle naam van ouer / voog 2: _____	
Handtekening van betaler	Datum
Volle naam / Instansie en registrasienommer: _____	
Hoedanigheid van ondertekenaar (indien namens 'n instansie): _____	